



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 11**

**NOVEMBER 2017**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2**

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**



---

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Moenie die hele vraestel deurlees nie.
2. Gebruik die INHOUDSOPGAWE om jou met jou keuses te help.
3. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:  

AFDELING A:	Roman	(35)	
AFDELING B:	Drama	(35)	
AFDELING C:	Kortverhale	(35)	Beantwoord vrae oor albei kortverhale.
AFDELING D:	Gedigte	(35)	Beantwoord vrae oor albei gedigte.
4. Lees die inhoudsopgawe op bladsy 3 en dui die vraagnommers van die TWEE letterkundetekste wat julle in die klas behandel het, aan.
5. Beantwoord TWEE vrae: EEN VRAAG uit elkeen van die TWEE afdelings wat julle behandel het.  
LET WEL: Indien jy AFDELING C (Kortverhale) of AFDELING D (Gedigte) beantwoord, moet jy BEIDE vrae uit hierdie afdelings beantwoord.
6. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
8. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
9. Voorgestelde tydsindeling: Spandeer ongeveer 60 minute per afdeling/vraag.
10. Skryf netjies en leesbaar.

**INHOUDSOPGAWE**

Hierdie bladsy sal jou in staat stel om die vrae te kies wat jy wil beantwoord sonder om deur die hele vraestel te lees.

<b>AFDELING A: ROMAN</b>			<b>PUNTE</b>	<b>BLADSY NR.</b>
VRAAG 1:	<i>Die Kruppel Engel</i>	Kontekstuele vraag	35	4
<b>AFDELING B: DRAMA</b>				
VRAAG 2:	<i>Die laaste karretjiegraf</i>	Kontekstuele vraag	35	7
<b>AFDELING C: KORTVERHALE Beantwoord albei vrae oor die kortverhale.</b>				
VRAAG: 3.1	Belinda en die blou ster	Kontekstuele vraag	17	10
<b>EN</b>				
VRAAG: 3.2	Koning van die townships	Kontekstuele vraag	18	12
<b>AFDELING D: GEDIGTE Beantwoord albei vrae oor die gedigte.</b>				
VRAAG: 4.1	Brief insake Downsindroom	Kontekstuele vraag	18	14
<b>EN</b>				
VRAAG: 4.2	Demokrasie (Pity) Limited	Kontekstuele vraag	17	16

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste getal vrae beantwoord.

**LET WEL:** Maak seker dat jy vrae oor slegs TWEE afdelings beantwoord het.

<b>AFDELING</b>	<b>VRAAGNOMMERS</b>	<b>VRAE BEANTWOORD</b>	<b>MERK (√)</b>
A	Roman	1	
<b>OF</b>			
B	Drama	2	
<b>OF</b>			
C	Kortverhale	3	
<b>OF</b>			
D	Gedigte	4	

**AFDELING A: ROMAN****DIE KRUPPEL ENGEL – Zenobia Kock****VRAAG 1: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS A**

1 Die derde kwartaal begin op 'n drafstap.  
 2 Naweke draf sy op die plaas. Engelsplaas se pad. 'n Mens val nie so  
 3 maklik daar nie.  
 4 Sy kyk na die karoobossies langs die pad. Niks blom nie, maar sy ken  
 5 hulle aan hulle blare. Aan sommige sit die gedroogde vruggies nog:  
 6 bergappel. Die soetdoring is sonder blare. Sy mompel die name soos  
 7 sy in- en uitasem: spekboom en wildeknoffel en hondepisbossie.  
 8 Jakob draf saam en soos sy sê hy die name van die bosse op.  
 9 Toe sy laat een Saterdagoggend voor die bome omdraai, sit Stefaans  
 10 op 'n klip. Tina kyk onseker na hom. Hy het kakieklere aan, met  
 11 velskoene sonder sokkies.  
 12 Sy self draf met tekkies sonder sokkies. Steekgras is 'n pes in 'n mens  
 13 se sokkies.  
 14 "Lya sê jy kom elke middag tot hier."  
 15 Tina se kop word warm. Sy voel sy kan gerus ant Lya se tenk  
 16 platskiet. "Ek draf maar tot hier, want die pad is gelyk," sê sy. "Ons pad  
 17 is te ongelyk, te klipperig."  
 18 "Wou jy iets gehad het?" vra hy. "Lya het gedink jy wou iets hê."  
 19 Sy skud haar kop. "Ek wou niks gehad het nie." Maar sy sê nie daarby  
 20 dat sy elke keer hoop sy loop hom êrens raak nie.  
 21 Hulle staan ongemaklik teenoor mekaar.  
 22 "Dan gaan ek maar weer," sê Tina.  
 23 Hy knik.  
 24 Toe sy terugdraai, lig sy hand asof hy iets wil sê, laat sak dit toe weer.  
 25 Tina begin wegstap, sy wag dat hy haar terugroep, maar hy doen  
 26 dit nie.

Bl. 67

1.1 Tina was nie op die dorpskool nie.

1.1.1 Hoekom het sy daarop aangedring om op die dorp skool te gaan?  
 Gee TWEE redes. (2)

1.1.2 Watter rol het Stefaans Marais gespeel, sodat dit vir haar moontlik  
 kon word om daar skool te gaan? (1)

1.1.3 Hoekom was Pa At glad nie gelukkig oor bogenoemde feit nie? (1)

1.2 Hoekom wou Ma Let nie hê dat Tina enigsins kontak met Stefaans Marais  
 moes hê nie? (1)

- 1.3 “Sy voel sy kan gerus ant Lya se tenk platskiet.” (reël 15 en 16)
- 1.3.1 Wat bedoel Tina met hierdie uitdrukking? (1)
- 1.3.2 Watter waarheid lê tog agter Lya se stelling? (1)
- 1.4 1.4.1 Hoe het Engelsplaas aan sy naam gekom? (1)
- 1.4.2 Hoekom het Stefaans dan nie ’n engel nie? (1)
- 1.5 1.5.1 Hoe dink jy wat is die “iets” wat Stefaans vir Tina wou bevestig? (1)
- 1.5.2 Waarom was juffrou Dale baie geskok toe sy hierdie waarheid teenoor Tina bevestig? Gee TWEE redes. (2)
- 1.5.3 In watter ironiese situasie bevind Tina haarself rondom die ‘geheimsinnigheid’ oor haar pa se ware identiteit? (2)
- 1.5.4 Watter tema van hierdie drama word in VRAAG 1.5.1 opgesluit? (1)
- 1.6 Dink jy dis belangrik dat jy moet weet wie jou pa is? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)
- 1.7 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (1.7.1–1.7.3) neer.

Ma; Vrydag; stoor; Saterdag; sitkamer; skuur; pa
--

- Haar 1.7.1 ... se woede bring ’n onverwagte ligtheid in haar. Kersoggend kom hulle in die 1.7.2 ... bymekaar vir die lees van die Bybel. Die verkoping 1.7.3 ... was ’n groot sukses. (3)
- 1.8 Hoe bewys Stefaans dat hy Tina as sy biologiese dogter aanvaar? Gee ’n manier wat NIE op finansiële redes gebaseer is NIE. (1)
- 1.9 Kies die naam uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (1.9.1–1.9.4) en die letter (A–E) neer, bv. 1.9.2 B.

KOLOM A	KOLOM B
1.9.1 “Jy mag nie bedel nie.”	A Jakob
1.9.2 “Djy’t die kleintjies se luiër gevat.”	B Stefaans
1.9.3 “Juffrou sê jy is goed met tjokbrokke.”	C Juffrou Dale
1.9.4 “Hoekom is ons vensters nie aan die noordekant nie?”	D Pa At
	E Tina

(4 x 1) (4)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### TEKS B

1 Die ontliggaamde stem wat haar oor die interkom roep, laat haar so skrik dat  
 2 sy die potlood laat val. Juffrou Dale kyk op. "Wie's nou weer Tina Louw? O,  
 3 jy. Nou toe, hulle soek jou by die kantoor. Gee solank jou papier hier."  
 4 Tina huiwer. As die juffrou kwaad word oor sy haar teken? Maar wat anders  
 5 kan sy doen?  
 6 Toe Tina omkyk in die deur, staan die juffrou nog fronsend na die papier en  
 7 kyk. Die verhoudings is nie lekker nie, weet Tina. Die skouers is te klein vir  
 8 die kop en die ore wil nie regkom nie. Ore is van die moeilikste goed om te  
 9 teken.  
 10 Die skoolhoof se kantoor het roesrooi gordyne soos die Glenmorangiebottel.  
 11 Die meubels is donkerbruin en die mat lyk soos iets uit die Arabiese Nagte:  
 12 goudgeel en blou en maroen en groen en bruin en rooi in ingewikkelde  
 13 patrone. Die skoolhoof is 'n lang man wat effens vooroorgeboë met sy hande  
 14 agter sy rug loop. Hy het vaalwit hare en blou oë, die kleur van die lug as dit  
 mooiweer is.  
 15 By hom is twee mans. Die een is die sersant-sonder-uniform wat vantevore  
 16 met haar gepraat het. Die ander een is 'n swart man.  
 17 "Hallo, Tina, hier sien ons mekaar weer," sê sersant Seekoei. Hy is getroud  
 18 met Pa At se slim niggie wat in die poskantoor werk.  
 19 Tina knik, onseker oor wat van haar verwag word.  
 20 "Tina Louw, nè?" sê meneer Roode. "Die polisie sê hulle wil met jou praat.  
 21 Oor 'n straatkind."  
 22 "... Ja, Meneer." Haar stem is byna weg. Hulle gaan haar vra oor Jakob. Sy  
 23 weet nie wat sy gaan sê nie.  
 24 Sy wil nie oor Jakob praat nie.

Bl. 25

- 1.10 1.10.1 Wat het tussen Jakob en Tina gebeur dat sy nie oor Jakob wil praat  
 nie? Noem DRIE feite. (3)
- 1.10.2 Hoe het ant Merlin bygedra dat Tina onregverdiglik in bogenoemde  
 situasie beland het? (1)
- 1.11 1.11.1 Hoekom het die noem van Jakob se naam spanning in Tina  
 veroorsaak? Gee TWEE feite. (2)
- 1.11.2 Wanneer het Tina eers oorwinning gekry oor hierdie spanning? (1)
- 1.12 Watter groot rol het Jakob in Tina se soeke na haar identiteit gespeel? (1)
- 1.13 Waarom sou jy sê is die titel, "*Die Kruppel Engel*", gepas? (1)
- 1.14 Watter gevolge het Jakob se selfmoord op Tina gehad? Noem EEN feit. (1)
- 1.15 Wat sou 'n beter oplossing vir sy probleem gewees het? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 35**

**AFDELING B: DIE DRAMA**

***DIE LAASTE KARRETJIEGRAF* – Riana Steyn en Athol Fugard**

**VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS C**

1 KOOT: Nonna ... wat ... wat wil die nonna van Koot hê?  
 2 (pouse) Iets sê vir my dat die nonna op soek is na iets ...  
 3 asof jy vir Koot iets wil vra ... maar ek weet nie wat daai  
 4 iets is nie. Koot het dan niks in sy lewe oor nie, nonna.  
 5 Hy't dan nie eens 'n pozzie daar in Tamatiestraat nie.  
 6 Ek weet ek het 'n erge ding aangevang toe ek vir Katryn  
 7 en Flora doodgemaak het. Maar ek het die Grote God  
 8 vir Sy genade gevra. Elke nag het ek, as ek so daar binne  
 9 in aanhouding gesit het, gebid, gevra vir Hom. Ja, Koot  
 10 het met die Here Jesus self gepraat. Ek het Hom belowe  
 11 ek sal afleer om te drink ... en ek het Hom gevra vir Sy  
 12 vergifnis. Ek gaan nie vir Anna Louw loop skade maak  
 13 nie, nonna. Nou weet jy ... Los my nou uit, nonna, Koot  
 14 se praat is klaar. Loop net. Toe ... gaan nou, nonna.

Sarah stap na die plek waar haar rugsak lê en begin haar goed bymekaar maak. Sy kry dit egter nie reg om die toneel te verlaat nie. Sy huiwer en draai terug na Koot.

15 KOOT: Sien jy dan nie ... Jy het so baie woorde in jou boek  
 16 opgeskryf, saam met ons daar in die stof gesit ... Alles wat  
 17 ons jou vertel het, het jy in daai draadloos van jou gesit.  
 18 Dan ken jy mos nou wat dit is om 'n karretjieskeerder in  
 19 hierdie mensewêreld te wees. 'n Plek wat 'n skepsel soos  
 20 ek nooit 'n beurt wil gee sodat hy 'n lewe vir homself kan  
 21 maak nie ... sodat sy kinders nie dag in en dag uit met  
 22 dunpap hoef klaar te kom nie. 'n Karretjieskeerder se  
 23 managtigheid, sy dapper en sy moed, is stomp afgekap,  
 24 nonna. En as dit is hoe jy voel, wat maak 'n man? 'n  
 25 Karretjiesman kan nie teen die lewe baklei nie,  
 26 nonna. Wat maak hy? Hy suip tot hy die horries kry. Dís  
 27 wat.

Koot benadruk sy woorde deur op die grond te spoeg. Dan draai hy om en stap driftig weg, asof hy die toneel wil verlaat. Sarah probeer om hom met 'n desperate stemtoon te stop.

28 SARAH: Nee, Koot! Asseblief! Moenie gaan nie.  
 29 KOOT: Maar nonna, ek is klaar gepraat. Ek het niks oor nie, nie my  
 30 donkies, my kar ... Waarom dan?

Bl. 38 en 39

- 2.1 KOOT: "Alles wat ons jou vertel het, het jy in daai draadloos van jou gesit."  
(reël 17)
- 2.1.1 Afgelei van hierdie woorde, wie is Sarah dan? (1)
- 2.1.2 Waarom is Sarah se besoek aan Koot en sy familie dus vir ons belangrik? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)
- 2.2 KOOT: "Ek het niks oor nie." (reël 29)
- 2.2.1 Waarom kan Koot nie meer skape skeer nie? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)
- 2.2.2 Hoe laat hierdie probleem vir Koot as 'n man voel? (1)
- 2.2.3 Simpatiseer jy met die karretjiesmense vir die situasie waarin hulle hulself bevind? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
- 2.3 2.3.1 Waarom het die hof nie vir Koot na die moord op sy eerste vrou tronk toe gestuur nie? (1)
- 2.3.2 Watter tragiese gevolge het hierdie besluit van die hof in Koot se lewe gehad? (1)
- 2.3.3 Stem jy saam met die hof se besluit om hom na sy tweede moord tronk toe te stuur? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
- 2.3.4 Hoe spoel Koot se moorddadige optredes oor in sy nageslag se lewens? (1)
- 2.3.5 Is dit reg dat Koot alkohol vir sy aggressiwiteit blameer? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
- 2.3.6 Watter les is dus hier vir ouers om te leer? (1)
- 2.4 KOOT: "Hy't dan nie eens 'n pozzie daar in Tamatiestraat nie." (reël 5)
- 2.4.1 Waarom het die karretjiemense dan nooit 'n vaste blyplek gehad nie? (1)
- 2.4.2 Hoe bepaal hierdie lewenswyse van hulle die struktuur van hulle huise? (1)
- 2.5 Sekere voorwerpe het verskillende waardes in hierdie drama. Gee die simboliese waarde van elk van die volgende voorwerpe:
- 2.5.1 Die blikbeker (1)
- 2.5.2 Die lem (1)
- 2.5.3 Die donkiekar (1)



- 2.6 Ouma se begrafnis word in die openingstoneel van hierdie drama beskryf.
- 2.6.1 Waarom word Ouma se begrafnis as die motoriese moment beskou? (1)
- 2.6.2 Dink jy die karretjiemense sou by die Nuwe Suid-Afrika kon aanpas? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
- 2.6.3 Hoekom is dit ironies dat Koot kwaad is vir Pienkies omdat hy die karretjie opgekap het? (2)
- 2.6.4 Waarom pak die karretjiemense klippe op Ouma se graf? Gee DRIE feite. (3)
- 2.6.5 Hoe het die leefwyse van die karretjiesmense daartoe bygedra dat hulle kinders so ongeletterd bly? (1)
- 2.7 Hoe stem die titel en die tema ooreen in hierdie drama? (2)
- 2.8 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (2.8.1–2.8.3) neer.

onderwyseres; kombuiswerker; bier; drome; pap; wyn; lem
---

Die verste wat Rökkies kon sien, was om 'n 2.8.1 ... te word. Bobbejaan, hy het sy vrou met 'n bottel 2.8.2 ... geslaan. Die gebreekte stukke is die oorblyfsels van Rökkies se 2.8.3 ... (3)

- 2.9 Kies die naam uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (2.9.1–2.9.4) en die letter (A–E) neer, bv. 2.9.2 B.

KOLOM A		KOLOM B	
2.9.1	“Ek het jare gelede my graad gekry.”	A	Rökkies
2.9.2	“Al wat ek nou kry, is 'n loswerk ...”	B	Outjie
2.9.3	“Gooi weg die blerrie hond.”	C	Koot
2.9.4	“Kan ons dan nie iets vir Ouma saamsing nie?”	D	Pienkies
		E	Sarah

(4)

**TOTAAL AFDELING B: 35**

**AFDELING C: KORTVERHAAL****VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG**

Beantwoord BEIDE vrae oor die kortverhale.

**TEKS D****BELINDA EN DIE BLOU STER – Harry Kalmer**

Lees die onderstaande uittreksel noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

- 1 Fred en Belinda het van mekaar gehou. Hulle het baie oor musiek  
 2 gepraat. Outydse musiek soos Leonard Cohen, Nick Cave en Bjork.  
 3 Musiek wat Belinda deur haar pa leer ken het en wat Fred besig was om  
 4 op sy eie te ontdek. Musiek wat hulle al twee laat voel het hulle is nie  
 5 alleen en *weird* nie. Dat daar ook ander soos hulle is.
- 6 Fred het begin om by Belinda te kuier. Haar ouers het van hom gehou.  
 7 Dit was nie lank nie voor die hele skool gegons het oor wat tussen hulle  
 8 aan die gang was. Dylan het opgehou om met hulle te praat en het uit die  
 9 skaakklub bedank.
- 10 Die skaakafrigter, mevrou Watts, het hulle van selfsugtigheid beskuldig en  
 11 gesê dat hulle die skool se kans in die nasionale skoleliga gaan  
 12 benadeel. Fred en Belinda het probeer om met Dylan te praat. Maar  
 13 wanneer hy hulle sien aankom het, het hy sy rug op hulle gedraai of  
 14 weggestap. Na die vierde poging het hulle moed opgegee.
- 15 Daardie aand het Belinda 'n e-pos aan Dylan geskryf waarin sy alles  
 16 probeer verduidelik, maar nadat sy 'n paar maal begin en elke keer ge-  
 17 *delete* het, het sy besluit sy skuld hom nie 'n verskoning nie.  
 18 Buitendien, hoe kon sy vir Dylan verduidelik dat dit wat sy vir Fred voel,  
 19 anders is as enigiets wat sy ooit vir hom gevoel het.
- 20 Want om Fred op Mxit te sien het haar laat glimlag.

Bl. 125

- 3.1 Watter tema in hierdie kortverhaal word in die eerste sin van hierdie uittreksel aangeraak? (1)
- 3.2 3.2.1 Noem TWEE belangstellings wat Belinda en Fred in gemeen gehad het. (2)
- 3.2.2 Waarom het Fred egter hierdie verhouding beëindig? (1)
- 3.2.3 Stem jy saam met die wyse hoe Fred vir Belinda ingelig het dat hy hulle verhouding beëindig? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

- 3.3 3.3.1 Hoe het Belinda probeer om oor haar liefdesteleurstelling met Fred te kom? (1)
- 3.3.2 Hoekom dink jy sal Belinda dit nooit werklik regkry om ooit weer aan Fred te dink nie? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)
- 3.4 3.4.1 Watter waarskuwing rig hierdie verhaal aan tieners in verhoudings? (1)
- 3.4.2 Hoe demonstreer Belinda se ma die regte benadering van 'n ouer tot hul tienerkind se liefdesverhoudings? Gee TWEE maniere. (2)
- 3.4.3 Hoe weet ons dat Belinda wel na haar ma se raad geluister het? (1)
- 3.5 Watter ironiese situasie speel homself af toe Belinda wel haar liefde aan Fred bewys? (2)
- 3.6 Watter kontrasterende emosies ervaar Belinda se pa toe hy dreig om Fred se neus te breek? (2)
- 3.7 Op watter tipiese onvolwasse manier tree Dylan op nadat Belinda hom afgesê het? (1)
- [17]**

**EN**

## TEKS E

## KONING VAN DIE TOWNSHIPS – Rudi Daniels

Lees die onderstaande uittreksel noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1 'n Onrustige afwagting hang oor Elsiesrivier, want dit is vandag die begrafnis  
 2 van die berugte bendeleier, Jacob September, alias Seppie. Skoolhoofde in  
 3 die omgewing sluit hul skole vir die dag uit vrees vir hernieuwe bendegegeweld,  
 4 want wraakpraatjies lê die hele woonbuurt vol. Daar sal in elk geval geen  
 5 skool kan wees nie, want te veel ouers het besluit om hul kinders by die huis  
 6 te hou. Die polisie-teenwoordigheid in die woonbuurt herinner sterk aan die  
 7 politieke onrus en *riots* in die tagtigerjare. 'n Konvooi splinternuwe BMW's  
 8 lei die lykwa die kerkgrond binne terwyl bendelede op aandag staan. 'n  
 9 Sarsie skote word die lug ingevuur om nog meer aan 'n militêre begrafnis te  
 10 herinner.

11 Dit was nie heeltemal onverwags nie toe Seppie, 'n atleties-geboude  
 12 sewentienjarige graad 11-leerder, op daardie triestige Junie-oggend sy  
 13 boeke op meneer Brydon, sy rekeningkunde-onderwyser, se tafel kom plaas  
 14 het met die woorde: "Dis nou *final*." Menige keer, as Seppie voor skool by  
 15 sy klas ingeglip het om privaat met hom te gesels, het hy al gedreig om die  
 16 skool te verlaat. Fier en trots het hy daar gestaan – nie die bedremmelde,  
 17 patetiese figuur van iemand wat so pas handdoek ingegooi het nie.

Bl. 36

- 3.8 Hoekom het Seppie die skool in graad 11 verlaat? (1)
- 3.9 Waarom sou jy ook teleurgesteld wees vir die rol wat die polisie in hierdie verhaal speel? (1)
- 3.10 Is dit regverdig om Seppie se huislike omstandighede te blameer vir die keuses wat hy in sy lewe maak? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
- 3.11 Mnr. Brydon het geweet dat Seppie 'n gebore leier is. Wat is egter ironies omtrent die manier hoe Seppie dit aangewend het? (2)
- 3.12 Gee TWEE redes waarom daar daardie dag nie normale skool was nie. (2)
- 3.13 3.13.1 Waarom was dit, volgens hierdie verhaal, riskant vir mnr. Brydon om Seppie se begrafnis by te woon? (1)
- 3.13.2 Waarom woon hy tog die begrafnis van Seppie by? (1)
- 3.14 Hoekom is dit onregverdig vir mnr. Brydon om homself te blameer vir die verkeerde keuses wat Seppie gemaak het? (1)
- 3.15 Watter boodskap rig hierdie verhaal aan alle ouers? (1)

- 3.16 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (3.16.1–3.16.3) neer.

talent; Dawid; 'n blommetjie; tyd; Moses; geld; asem
--

Mnr. Brydon het 3.16.1 ... op Seppie se lyk gesit. Die pastoor het oor 3.16.2 ... in die Bybel gepreek. Seppie het nie daarvan gehou dat leerders hul 3.16.3 ... in mnr. Brydon se klas mors nie.

(3)

- 3.17 Kies die naam uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (3.17.1–3.17.4) en die letter (A–E) neer, bv. 3.17.5 B.

KOLOM A		KOLOM B	
3.17.1	“Iewers moet daar 'n les vir hom in wees.”	A	Seppie
3.17.2	“Van watter <i>gang</i> praat Meneer.”	B	Elsiesrivier
3.17.3	“... onder polisie-beskerming geplaas”	C	die jong dogter
3.17.4	“... daar was verligting en blydschap ...”	D	mnr. Brydon
		E	die leerders

(4)

[18]

**TOTAAL AFDELING C: 35**

**AFDELING D: GEDIGTE****VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG**

Beantwoord die vrae oor BEIDE die volgende gedigte.

**TEKS F**

Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**BRIEF INSAKE DOWNSINDROOM – Sarina Dönges**

- 1 Meneer God
- 2 by my het 'n fabrieksfout  
3 ingesluit, ek kan nie begryp  
4 in hierdie tyd waar pos-  
5 stukke en afleweringe  
6 so onseker is, vertrou U  
7 'n ooeivaar as klerk  
8 om kosbaarhede te versend:  
9 wat voer hy in die vlerk?
- 10 ek stuur die frats, summier,  
11 want hy ontsier my huis.  
12 besoekers staar, begaan verward  
13 die freudiaanse glips  
14 en ek verduur gelukwensings  
15 op papier, terwyl hul oë sê:  
16 dankie dat by reproduksie  
17 by keisersnit of induksie  
18 myne 'n volmaakte replika  
19 van die oorspronklike is  
20 en nie dié karikatuur.
- 21 dis menslik om te fouteer  
22 maar ek het nie verwag  
23 dat dit by 'n instansie  
24 wat so opgehemel word, gebeur.

- 4.1 Vul die ontbrekende woord in:  
"Meneer God" dui aan dat hierdie gedig in die vorm van 'n ... is. (1)
- 4.2 Gee 'n voorbeeld van alliterasie uit strofe 1 EN onderstreep die klank. (1)
- 4.3 Wat is dit wat die spreker in strofe 1 nie verstaan nie? Sê in jou eie woorde. (1)

- 4.4 Lewer kommentaar oor die manier waarop “pos-/stukke” gespel is. (1)
- 4.5 Wat is dit wat die spreker volgens strofe 2 dadelik wou doen? Sê in jou eie woorde. (1)
- 4.6 Haal TWEE opeenvolgende woorde uit strofe 2 aan wat daarop dui dat sy nie haar besoekers blameer vir wanneer hulle per ongeluk die verkeerde ding sê nie. (1)
- 4.7 Reëls 14 en 15: “... gelukwensings / op papier, ...”  
Verduidelik waarom die spreker se besoekers hul gelukwensings op papier doen. (1)
- 4.8 Waarvoor is haar gaste dankbaar as hulle haar gestremde kind sien? Sê in jou eie woorde. (1)
- 4.9 Blameer jy hierdie ma vir haar houding teenoor God? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)
- 4.10 Haal DRIE aparte woorde aan wat die ma gebruik om die kind te beskryf wat daarop dui dat hierdie ma al hoe opstandiger teenoor God word. (Skryf dit in die korrekte volgorde neer!) (1)
- 4.11 Watter woord in strofe 1 is in direkte kontras met “volmaakte replika” (reël 18). (1)
- 4.12 Watter raad sou jy vir ouers van Downsindroom-kindere gee? (1)
- 4.13 Kies die emosie uit KOLOM B wat by die persoon in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (4.13.1–4.13.4) en die letter (A–E) neer, bv. 4.13.5 B.

KOLOM A		KOLOM B	
4.13.1	God	A	verbaas / teleurgesteld
4.13.2	kuiergaste	B	dankbaarheid
4.13.3	spreker	C	onbetroubaar
4.13.4	ooievaar	D	vertroue
		E	liefde

(4 x 1) (4)

- 4.14 Watter ironie noem die ma in die laaste strofe? Verduidelik dit in jou eie woorde. (2)

**[18]****EN**

**TEKS G**

Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**DEMOKRASIE (PITY) LIMITED – Peter Snyders**

- 1 Wies aware wat om jou aangaan
- 2 tjek yt die plek
- 3 waar djy jou kô kry.
- 4 Watch yt vir mense wat
- 5 inligting vra,
- 6 jou iets wil verkoop –
- 7 laat hulle hulle distance hou.
  
- 8 Wies op jou guard
- 9 in supermarkte
- 10 en as djy ge-hijack of ge-rob word
- 11 bly kalm en opletend –
- 12 moenie trug fight nie
- 13 djy sal net seerkry.
  
- 14 Moenie jou gun in jou cubby hole
- 15 of handsak bêre nie
- 16 Sorg dat jou kardeure toe
- 17 Is – ennie vensters oek.
  
- 18 Moenie pakkies of selfouns
- 19 innie mouter los nie.
- 20 Tjek jou driveway
- 21 as djy hys toe kom
- 22 en as djy jou garage oepslyt
- 23 kyk
- 24 of daar nie iemand in wegstiek nie.
  
- 25 Moenie op verlate, donker paaie ry nie
- 26 gebryk sover as moontlik highways
- 27 en wies versigtag
- 28 by robots en stopstrate.
  
- 29 En as jou mouter ge-hijack word
- 30 en djy doen 'n paar gun-skote op,
- 31 moenie die polisie betrek nie
- 32 want
- 33 daar's nie genoeg van hulle nie
- 34 hulle's overworked
- 35 en underpaid
- 36 en
- 37 al trek hulle die skelms en criminals vas,
- 38 die nuwe demokrasie is soe lief vir hulle
- 39 djy staan 'n kans
- 40 om 'n saak tiën jou
- 41 gemaak te kry.



- 4.15 4.15.1 Wie is moontlik die spreker in hierdie gedig? (1)
- 4.15.2 Gee 'n rede vir jou antwoord in 4.15.1. (1)
- 4.16 Watter stemming skep die eerste reëls van hierdie gedig? (1)
- 4.17 Wat impliseer die woord “as” in die konteks van hierdie gedig? (1)
- 4.18 Kyk na strofe 1:  
Sê in jou eie woorde watter effek die misdaad in ons land op menseverhoudings het. (1)
- 4.19 Kyk na reël 23:
- 4.19.1 Hoe word hierdie reël beklemtoon? (1)
- 4.19.2 Waarom sou die digter hierdie woord beklemtoon? (1)
- 4.20 Waarom, dink jy, sê die spreker dat 'n mens nie jou vuurwapen in die “cubby hole” of jou handsak moet bêre nie? (1)
- 4.21 Haal TWEE aparte woorde aan wat die plekke aandui waar die misdade meestal plaasvind. (2)
- 4.22 Behalwe dat die polisie oorwerk is, wat is die ander rede, volgens hierdie gedig, waarom hulle nie op jou oproep reageer nie? (Skryf jou antwoord in Afrikaans.) (1)
- 4.23 Waarom glo die spreker, volgens die laaste strofe, nie in ons demokrasie nie? (1)
- 4.24 Noem EEN “verkeerde” ding wat mense, volgens hierdie gedig, moontlik doen wat misdadigers na hulle toe lok. (1)
- 4.25 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (4.25.1–4.25.3) neer.

Hoofweë; kalm; beskerm; oplettend; agterstrate; veroordeel
--

- 'n Mens moet 4.25.1 ... in die winkels wees. Gebruik liever die 4.25.2 ... wanneer jy bestuur. Ongelukkig 4.25.3 ... die demokrasie die misdadigers in Suid-Afrika. (3)
- 4.26 Wat is die boodskap van hierdie gedig? (1)

[17]

**TOTAAL AFDELING D: 35**  
**GROOTTOTAAL: 70**